

Sondag 18 Oktober

Skrifgedeelte: Sefanja 3:1-5

Fokusgedeelte: Sefanja 3:5

God is getrou; ook in sy oordeel

God se wet het onder andere sy volk geleer hoe om in liefde vir Hom en in liefde teenoor mekaar te lewe. Verder het dit hulle ook geleer Wie God is. Die grootste deel van die volk het nie hulle gesteur aan of God of sy wet nie.

Hulle wou nie na die wet luister nie. Hulle wou nie na God se profete luister nie. Hulle het geweier om hulle te bekeer. Eerder as om op God te vertrou, het die priesters afgode in die tempel geplaas om die Assiriërs gelukkig te hou. Hoe verskriklik is dit nie? Die priesters behoort juis die volk se oë op die Skepper van hemel en aarde te plaas.

Juda het al gesien wat gebeur as God se volk volhard om mekaar in liefdeloosheid verslind. Die noordelike tien stamme is reeds weggevoer, presies soos God gesê het dit sou gebeur indien hulle hul nie bekeer het nie. Steeds buit die magtiges van Juda die weerloses uit, die mense wat die reg moet bewaar, onderdruk die onskuldiges. Hulle doen dit onbeskaamd asof God nie sal agterkom nie.

God maak 'n duidelike kontras tussen die onregverdigheid van Juda en sy absolute regverdigheid. Ons moet weet dat God nie ongeregtigheid en ongehoorsaamheid miskyk nie, en ook nie oorsien nie. Elke sonde is 'n ernstige saak. As ons op grond van ons eie geregtigheid voor God moes staan, was ons in groot moeilikheid.

Romeine 5:1 troos ons met die volgende woorde: *“Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus.”* Gelowiges se sondeskuld is uit genade alleen deur Christus betaal. Nie net dit nie, maar Hy het sy geregtigheid vir ons gegee.

God is getrou. Hy sal jou deur sy Woord en Gees lei om in sy weg te leef.

Sing: Psalm 25-1:2, 5

Ds. PJ Hattingh (Peter) (Okahandja)